Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

DESEMBER 2016

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmond	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

BOODSKAP VAN DIE BURGEMEESTER

Rdh Rudolph Smith

Die einde van nog 'n jaar is alweer in sig, wat beteken dat die tyd aangebreek het om julle 'n vreugdevolle feesseisoen toe te wens.

Na afloop van die plaaslike verkiesing vroeër vanjaar, het Munisipaliteit Overstrand 'n paar omvattende veranderings beleef wat leierskap aanbetref - hierby ingesluit is my ampsaanvaarding as Uitvoerende Burgemeester. Ek kan egter met genoeë dié gerusstelling bied dat hierdie oorgang glad verloop het en dat ons as Raad reeds bewys gelewer het van ons voorneme om die voorreg om die publiek, en mekaar, te kan dien, ten volle benut. Gegewe ons suksesrekord tot op hede, is ek daarvan oortuig dat ons vir die res van ons termyn sal voortgaan om ons beste te lewer.

Namate ons die vakansieseisoen betree, het die tyd ook aangebreek om 'n bietjie na te dink oor ons vele seëninge, en om hulle te tel.

My allerbeste wense aan diegene wat hulle weens siekte hierdie Kersfees in 'n hospitaal, of tuis in 'n siekbed, bevind. Ek wens julle 'n spoedige herstel toe. Kom ons wys almal in hierdie tye 'n bietjie deernis teenoor ons bure, veral bejaardes en diegene wat alleen is.

Aan almal wat vriende en familie verwag, mag hierdie feesseisoen baie goeie herinneringe skep en ek heet in die besonder alle besoekers aan hierdie deel van die kus hartlik welkom.

Namens myself, die raadslede en die toegewyde personeel van hierdie munisipaliteit wens ons jou en jou gesin 'n geseënde en vreugdevolle feesseisoen toe.

GEBRUIK WATER SPAARSAMIG

"Ons watervoorraad mag dalk vir die oomblik voldoende wees, maar tensy ons onverwyld 'n bewaringskultuur aanvaar, kan ook ons toekoms duister wees," waarsku Overstrand se adjunk-direkteur Hanré Blignaut.

Berigte van watertekorte wat landwyd deur gemeenskappe ervaar word, het onlangs die nuus oorheers en die beelde van mense wat moet toustaan om hul daaglikse kwota by waterpunte af te haal, sal ons altyd bybly.

Overstrand is dankbaar om te kan rapporteer dat sy vernaamste waterbronne nog nie bedreig word nie.

Volgens Hanré Blignaut, adjunk-direkteur: ingenieursbeplanning, staan die De Bos-dam tans op 98%, terwyl die Buffelsrivier-, Pearly Beach- en Kraaiboschdam ook op volle kapasiteit is.

Water wat aan die Groter Hermanus-gebied voorsien word, is afkomstig vanuit die De Bos-dam in die Hemel-en-Aarde-vallei en word aangevul deur 'n aantal boorgate in die omstreke van die Gateway-sentrum. Rooi-Els, Pringlebaai en Bettysbaai word vanuit die Buffelsrivierdam voorsien; Kleinmond kry sy water uit die Palmietrivier; Gansbaai syne vanuit die Kraaiboschdam sowel as 'n aantal fonteine in die omstreke; Stanford syne vanuit 'n fontein en twee addisionele boorgate; en Pearly Beach se water kom vanuit die Pearly Beach- en Koekemoerdam.

Die feit dat Overstrand tans nie 'n watertekort ervaar nie, beteken hoegenaamd nie dat ons nie steeds alles in ons vermoë moet doen om water te bespaar nie. Aldus Blignaut is en bly Overstrand 'n waterskaarsgebied: "As ons wil sorg dat almal in die toekoms genoegsame water sal hê om in hul alledaagse behoeftes te voorsien, moet ons anders oor water begin dink. Dit kom daarop neer dat ons ons watergebruike moet aanpas en meer doeltreffende wyses moet vind om hierdie hulpbron aan te wend."

Met dié dat die warm somermaande om die draai is, het Blignaut inwoners gemaan teen oortredings van artikel 46(1) van Overstrand se Verordening op Waterdienste. Volgens hierdie verordening mag geen besproeiing tussen 09:00 en 17:00 plaasvind nie. "Alhoewel hierdie reëling dalk 'n mate van ongerief kan veroorsaak, doen ons nogtans 'n beroep op alle inwoners om die voortou in waterbesparing te neem en om te help om gemeenskappe in die spaarsamige gebruik van water op te voed," het hy ter afsluiting bygevoeg.

VAN PLAN OM 2017 MET 'N KNAL TE GROET?

Maak seker jou vuurwerke voldoen aan openbare regulasies!

Soos gebruiklik, is Overstranders gaande daaroor om die Nuwe Jaar met 'n knal te groet. Gegewe die omgewing se sensitiewe aard, het brandweerhoof Lester Smith dit egter gerade geag om 'n spesiale woord van waarskuwing te rig: Chinese lanterns en noodfakkels mag glad nie afgevuur word nie aangesien dit moeilik is om te voorspel waar hulle dalk te lande kan kom en om daardie rede kan die waarskynlikheid van 'n brand en moontlike lewensverlies, nie uitgesluit word nie.

Smith doen 'n algemene beroep op inwoners om versigtig en bedagsaam te wees wanneer vuurwerke gebruik word, en wys in die besonder daarop dat daar na troeteldiere omgesien moet word: "Soos baie troeteldiereienaars maar al te goed weet, kan vuurwerke en donderstorms geweldige stres by sommige diere veroorsaak. Tydens feesvierings moet diere liefs binnenshuis gehou word; dit is ook raadsaam om die gordyne toe te trek en die televisie of radio aan te skakel om troeteldiere se aandag af te lei," raai Smith aan.

Uitsonderings

Ingevolge artikels 54 tot 56 van die munisipaliteit se Verordening insake Gemeenskapsveiligheid word georganiseerde vuurwerke/vuurwerkvertonings beperk tot gebruiklike plekke en sal slegs met die vergunning van die brandweerhoof toegelaat word. Tot dusver is slegs een só 'n aansoek ontvang en goedgekeur, naamlik dié van Birkenhead House (Voëlklipstrand).

Die brandweerhoof het aangewese plekke op strande binne die gebied goedgekeur waar vuurwerke tussen 23:00 en 01:00 op Oujaarsaand toegelaat sal word. Inwoners hoef dus nie toestemming te vra om vuurwerke op die volgende strande af te vuur nie:

- Oostelike gedeelte van Grotto-strand (naby mond van strandmeer);
- Hawston-strand (NIE die kampeerterrein of parkeerarea of die hawe nie);
- Uilenskraalmond -strand;
- Stanfordbaaistrand (De Kelders), en
- Kleinmond se hoofstrand.

Alle vuurpyle en vuurwerke wat afgevuur word, moet oor die see afgevuur word om die moontlikheid dat hulle in fynbos en/of in die berge te lande kan kom, te verlaag.

Tel asseblief alle gebruikte vuurwerke op en hou dit buite bereik van kinders. Voorts maan Smith dat mense die instruksies moet lees wat elke vuurwerk vergesel; nooit brandende klappers moet gooi nie; altyd 'n hele entjie moet weg staan; nooit na 'n vuurwerk moet terugkeer nadat dit aangesteek is nie omdat dit in mens se gesig kan ontplof; vuurwerke altyd oorgenoeg ruimte moet gee om te ontplof; vuurwerke slegs in 'n oop ruimte moet aansteek.

Om vuurwerke vanaf enige ander plek (jou agterplaas ingesluit) en op enige ander tyd af te vuur, sal 'n swaar boete tot gevolg hê. Jy kan maar weet dat wetstoepassingsagentskappe beslis gaan optree teen enige persoon wat hom/haar onverantwoordelik gedra of die voorgeskrewe wetgewing oortree.

Ten laaste, wees asseblief bedagsaam! As almal by die vasgestelde terreine en tye hou, kan kwadegevoelens tussen bure en die angs wat hierdie gebruik vir sommige diere veroorsaak, tot die minimum beperk word.

Enige spesiale versoeke rakende vuurwerkvertonings en/of ander navrae kan gedurende kantoorure gerig word aan die brandweerhoof by 028 313 8980.

Omgewingsgesindes dit eens - Nuwe pad deur Hemel-en-Aarde

-vallei gaan vir verantwoordelike ontsluiting van hierdie vallei se skatte sorg

Dit het amper vyf jaar geneem, maar die R320 tussen Hermanus en Caledon is uiteindelik oopgestel. Hierdie arbeidsintensiewe projek ten bedrae van R240 miljoen is aanvanklik van stapel gestuur weens die swak vertikale en horisontale belyning van die oorspronklike grondpad. Voorts het stof tydens die droë somermaande en 'n uiters gladde oppervlak tydens die nat wintermaande 'n geweldige negatiewe impak op gebruikers van hierdie pad gehad - in die besonder die ondernemende boerderygemeenskap in die omgewing wat hul bes doen om hierdie vrugbare vallei in 'n toerisme-aantreklikheid te omskep.

Daar moes egter aan verskeie voorwaardes voldoen word alvorens hierdie projek goedgekeur kon word.

Om mee te begin, moes die provinsiale departement van vervoer en openbare werke instem tot 'n omgewingsversagting alvorens die Omgewingsimpakevaluering, soos deur nasionale omgewingsbestuurwetgewing vereis, goedgekeur kon word. In die besonder het hierdie voorwaardes daarop neergekom dat die impak wat die opgradering op hoogs bedreigde spesies wat slegs langs Shaw se Pas aangetref word, verminder sou word.

Om hierdie rede is daar met groot sorg na die beskerming van die natuurlike plantegroei omgesien, wat meegebring het dat 'n kwekery op die perseel aangelê en in stand gehou is om die natuurlike plantegroei te beskerm sodat inheemse plante weer na afhandeling van konstruksiewerk aangeplant en hervestig kon word.

Die span verbonde aan hierdie kwekery het sade vanuit die omgewing versamel en in 'n watergebaseerde stelsel aangekweek. Voorts het die kwekeryspan ook 'n moeraslandafdeling in die kwekery geskep waar moerasplante wat vóór die aanvang van die padbouwerk gered is, veilig bewaar kon word en kon oorleef totdat die aanbouings afgehandel is

Na voltooiing, is nagenoeg drie duisend plante weer in veilige toestande hervestig en is 'n area van ongeveer 30 hektaar teen die hange van Shaw se Berg tot 'n reservaat verklaar - 'n reservaat waaroor befondsing reeds bekom is om sy behoud oor die lange duur te verseker.

As 'n bykomende pluspuntjie vir die omgewing - en om selfs meer werkgeleenthede vir plaaslike arbeiders te skep - is 'n span ook aangestel om indringerplante uit te roei; met die gevolg dat 'n buffersone van nagenoeg 20 meter weerskante van die padreserwe nou indringervry is.

Hierdie opgegradeerde pad gaan voortaan 'n korter en veiliger rit deur die vallei verseker en sal na alle waarskynlikheid 'n positiewe impak op die ekonomie hê, veral aangesien toeriste nou al hoe meer aangespoor gaan word om die vallei se panoramiese uitsigte te geniet en hulle in die produkte van sy vele unieke wynkelders en eetplekke te verlustig.

Nog 'n pluimpie deur die konstruksiespan verdien, is dat die projekspan sy teikens vir bemagtiging by verre oorskry het: Uit die totale kontrakwaarde is R17,5 miljoen (7%) aan plaaslike arbeid toegeken, met 'n bykomende R31,5 miljoen (13%) wat vir historiesbenadeelde ondernemings geoormerk is. Voorts is deelnemers die geleentheid gebied om verskeie kursusse op die terrein te deurloop. Vier deelnemers het hul leerlingskap voltooi, en minstens een is sedertdien 'n permanente aanstelling aangebied.

Teenwoordig by die simboliese opening van die opgegradeerde R320 was, van links na regs, Anton Nell (direkteur: departement van vervoer en openbare werke), Archie Klaas (onderburgemeester: Overberg-distriksmunisipaliteit), Minister Donald Grant, Christelle Vosloo (Burgemeester: Theewaterskloof-munisipaliteit), Andries Franklin (Burgemeester: Overberg-distriksmunisipaliteit), Overstrand se Burgemeester Rudolph Smith en Raadslede Elnora Gillion en Andrew Kumani.

Registrasie van kontrakteurs wat *vullis vanaf* private persele na munisipale fasiliteite vervoer

Kennis geskied hiermee dat alle kontrakteurs wat vullis vanaf private persele na munisipale oorlaaistasies en stortingsterreine vervoer, binnekort by die munisipaliteit sal moet registreer ingevolge 'n nuwe bepaling wat deur die departement van omgewingsake neergelê is.

Die departement van omgewingsake gaan voortaan van munisipaliteite verwag om maandeliks verslag te doen oor die hoeveelheid vullis wat by stortingsterreine gestort word, sowel as die hoeveelheid vullis wat vir hergebruik bestem is en dus nie by stortingsterreine gestort word nie.

Munisipaliteit Overstrand het sy Verordening op Vaste Afval dienooreenkomstig aangepas en, ingevolge hierdie gewysigde verordening, moet alle kontrakteurs wat vullis in Overstrand se munisipale gebied vervoer, voortaan as sodanige kontrakteur by die munisipaliteit registreer sodat die munisipaliteit die nodige data kan bekom vanaf daardie kontrakteurs wat hierdie tipe diens verrig.

Hierdie reëling sal ook die betaling vir storting van vullis (meer as een ton) vergemaklik, aangesien 'n enkele gekonsolideerde rekening aan die einde van die maand voortaan aan kontrakteurs wat vullis stort, gelewer kan word.

Voorts sal die voortspruitende databasis kommunikasie tussen die munisipaliteit en kontrakteurs vergemaklik en, onder andere, verseker dat wysigings ten opsigte van bepalings en tariewe betyds gekommunikeer word.

'n Registrasiebrief en identifiserende plakker sal uitgereik word aan daardie kontrakteurs wat binne Overstrand se munisipale gebied werksaam is. Sodoende sal hulle makliker onderskei kan word van daardie kontrakteurs buite die munisipale gebied, van wie verwag word om 'n duurder stortingstarief te betaal.

Wie moet registreer?

- Kontrakteurs wat bourommel en tuinvullis en gewone huishoudelike vullis na munisipale aflaaiplekke, oorlaaistasies en stortingsterreine vervoer;
- Kontrakteurs wat skrootmateriaal verhandel; en
- Kontrakteurs wat kontrakte met die munisipaliteit het om huishoudelike vullis te vervoer.

Rig enige navrae in hierdie verband aan die bestuurder: vaste-afvalbeplanning, Johan van Taak, by jvantaak@overstrand.gov.za of tel. 028 313 8982.

Addisionele Hof se

eerste jaar 'n dawerende sukses

Alhoewel hy sy deure maar net bietjie meer as 'n jaar gelede geopen het, kan die Addisionele Hof vir Munisipale Aangeleenthede rapporteer dat byna 5 000 sake reeds deur dié hof aangehoor is sedert sy totstandkoming. Sake wat verband hou met verkeerswetgewing, munisipale verordeninge sowel as bouregulasies en stadsbeplanning dien voor hierdie hof.

Die waarde van munisipale wetgewing kan nie oorbeklemtoon word nie aangesien dit verseker dat sekere gedrag of optredes verbied en gestraf kan word wanneer daar nie gehoor gegee word nie. Oortredings ingevolge munisipale wetgewing, met inbegrip van verordeninge, word omskryf as enige handeling of versuim wat ingevolge die Strafproseswet vervolg kan word. Derhalwe is enige verordening wat deur 'n munisipale raad goedgekeur is, net so kragtig as nasionale en provinsiale wetgewing.

Die addisionele hof is gevestig met die doel om te verseker dat die publiek gehoor gee aan munisipale wetgewing en om seker te maak dat, in die geval van oortredings, die nodige stappe geneem word om die saak reg te stel.

Die feit dat talryke oorgroeide persele wat 'n brandgevaar inhou - 'n oortreding van Overstrand se Verordening op Brandveiligheid - nou skoongemaak is nadat eienaars gedagvaar is omdat hulle nie gehoor-gegee het aan nakomingskennisgewings wat deur die munisipaliteit op hulle bestel is nie, getuig van die vele suksesse wat hierdie hof in sy eerste jaar behaal het.

'n Oortreding van 'n verordening kan tot gevolg hê dat die volgende stappe teen die oortreder ingestel word:

- Kennisgewing aan die oortreder. In sommige gevalle kan daar van sodanige kennisgewing afgesien word deur 'n boete te betaal.
- Uitreiking van 'n dagvaarding weens versuim om 'n boete te betaal. Om só 'n dagvaarding te ignoreer, kan tot gevolg hê dat die addisionele hof 'n lasbrief vir inhegtenisname uitreik.

Voorts kan versuim om aan 'n bevel van hierdie hof te voldoen tot gevolg hê dat die volgende sanksies teen die oortreder ingestel word:

- 'n Sanksie van gemeenskapsdiens
- 'n Boete en/of gevangenisstraf
- 'n Opgeskorte vonnis
- 'n Waarskuwing

Gegewe sy suksesrekord tot op hede, is dit duidelik dat die Addisionele Hof sy doel dien, naamlik om die gemeenskap van diens te wees deur wet en orde te handhaaf.

Honde, Blouvlagstrande en Openbare Ruimtes

Die kwessie rondom honde op Overstrand se strande en in openbare ruimtes is al vir baie jare die onderwerp van 'n hewige woordestryd.

Alhoewel honde steeds toegelaat sal word om op strande te kom, gaan hul bewegings voortaan meer ingeperk word ten einde aan die munisipaliteit se Verordening op Honde en Katte te voldoen sowel as aan internasionale Blouvlagvereistes.

Artikel 6(2) en (3) van die bogenoemde verordening bepaal duidelik en onomwonde: "Geen persoon sal toelaat of veroorsaak dat enige hond 'n openbare plek betree tensy dit aan 'n leiband is nie." Let daarop dat openbare ruimtes enige strand, paadjie, brug, voetpad of park insluit sowel as enige ander plek wat onder beheer van die munisipaliteit is.

Honde-eienaars wat gebruik maak van Overstrand se strande waaraan Blouvlagstatus verleen is - Grotto, Hawston en Kleinmond moet die stipulasie nakom wat bepaal dat geen honde op hierdie strande toegelaat sal word terwyl die Blou Vlag gehys is nie.

Blouvlagstatus is 'n internasionale akkreditasie, en dié program hou vele voordele in: Verbeterde toerismefasiliteite, verbeterde bestuur van kusekostelsels, opvoedkundige bewusmakingsprogramme en uitstekende watergehaltestandaarde en fasiliteite. Hou die groter prentjie in gedagte en help ons om hierdie status te behou.

Troeteldiereienaars word ook versoek om nie hul honde se mis met sand toe te skop of dit in die see te gooi nie. Daar word van hulle verwag om hul honde se mis op te tel en in die korrekte vullisdromme daarmee weg te doen.

Enige oortredings van die verordening kan gerapporteer word deur Wetstoepassing by 028 313 8000 te skakel.

In belang van die behoud van die omgewing (veral die voëllewe) en die vreedsame bestaan van die Stanford-gemeenskap, gaan CapeNature, Munisipaliteit Overstrand en KRAB (Klein River Association of Boating) voortaan gesamentlik sorg dat diegene wat die Kleinrivier en omliggende vleilande vir ontspanningsdoeleindes gebruik aan alle verordeninge voldoen wat op hierdie toerismeaantreklikheid betrekking het. Om mee te begin, sal geen toegang tot die rivier aan enige vaartuig vergun word wat nie bewys van 'n geldige skipperslisensie kan lewer nie. By bewys van sodanige lisensie sal 'n onderskeidende wit-op-swart-plakker aan kwalifiserende vaartuie uitgereik word, en slegs vaartuie wat daardie plakkers vertoon, sal op Deel F van die rivier toegelaat word (sien Soneringskaart). Voorts gaan streng reëls geld vir daardie dele langs die rivier waar vaartuie toegelaat word om te versnel of 'n volgstroom te veroorsaak. Let ook daarop dat geen watersport vóór 09:30 toegelaat sal word nie.

In belang van openbare veiligheid sal KRAB, waar en wanneer nodig, deur Overstrand se wetstoepassers, CapeNature en die SAPD bygestaan word. Let ook daarop dat hierdie partye hulle eie bote gaan gebruik om nakoming te moniteer. As 'n verdere waarskuwing wil CapeNature mense wat van die rivier gebruik maak se aandag daarop vestig dat die watervlak heelwat hoër as normaalweg is. Gevolglik is toegang tot die voëlreservaat aan die onderpunt van die rivier streng verbode en sal deur CapeNature gepatrolleer word (sien deel 16 E op kaart). *Vir meer inligting oor voorsorgmaatreëls en reëls van toepassing op die rivier vir die komende seisoen, besoek gerus die Ovestrand webtuiste by www.overstrand.gov.za, kliek op Documents/By-laws/Estuaries.* ***Let asseblief voorts daarop dat bote se aktiwiteite by Maanschynbaai en Prawn Flats gemonitor gaan word, en dat streng reëls en veiligheidsmaatreëls ook hier gaan geld.***

VULLISVERWYDERING OOR FEESSEISOEN

Reëlings meestal onveranderd, maar…

In die loop van die feesseisoen sal die onderskeie administrasies binne Overstrand steeds huishoudelike afval verwyder op presies dieselfde dae en tye as waaraan inwoners gewoond geraak het. Daar is egter die enkele uitsonderings:

- In die Hangklip-Kleinmond-area sal geen vullis op openbare vakansiedae verwyder word nie. Die oorlaaistasie is wel vanaf 07:30 tot 16:30 oor naweke en op openbare vakansie dae oop.
- In alle ander areas gaan vullis verwyder word soos per die meegaande skedules, ongeag of die dag van verwydering op 'n openbare vakansiedag val. Ja, vullis gaan wel op Kersdag en op Nuwejaarsdag afgehaal word.

Munisipaliteit Overstrand het baie moeite gedoen om te verseker dat almal hul verblyf gedurende die vakansieseisoen kan geniet, en ons doen 'n beroep op alle huishoudings om by die volgende basiese reëlings te hou wanneer hulle met huishoudelike afval wegdoen:

- Hou by die datums van verwydering soos per die skedules hieronder;
- Moenie jou vullissak oornag op die sypaadjie laat lê nie. Hierdie gebruik lok leeglêers en huisdiere wat, weens hulle nuuskierige aard, groot skade tot gevolg kan hê soos ons almal maar al te goed weet.
- Ondanks die opmerking hierbo, maak asseblief seker dat jou sakke reeds teen 07:00 op die dag van verwydering op die sypaadjie uitgesit is.
- Indien nodig, maak asseblief gebruik van die spesiale fasiliteite in jou area waar vullis dag of nag afgelaai kan word.
- As jy jou eiendom oor die vakansieseisoen gaan uithuur, maak asseblief seker dat jy jou huurders se aandag vestig op alle reëlings rakende die hantering van huishoudelike afval.
- Allerbelangrik: Wat huishoudelike afval betref, geld die volgende grondbeginsels: verminder, herbruik en herwin. Kom ons dra almal ons deeltjie by sodat die natuur ook 'n blaaskansie kan geniet.

Hermanus	Vermont, Fisherhaven, Voëlklip	Maandag
	Onrus, Onrus Manor, Chanteclair, Berghof, Sandbaai, Hemel-en-Aarde, Kidbrooke, Glen Fruin	Dinsdag Dinsdag
	Zwelihle, Mount Pleasant	Woensdag
	Westcliff / Westdene, Hermanus-SSG, Northcliff, Nywerheidsgebied, Beach Club	Donderdag Donderdag
	Hawston, Eastcliff, Hermanus Heights, Kwaaiwater, Mosselrivier, Fernkloof	Vrydag
Stanford	Stanford-Noord Stanford-Suid	Dinsdag Donderdag
Gansbaai	Pearly Beach, Buffelsjagsbaai, Eluxolweni De Kelders, Masakane, Beverly Hills Franskraal Kleinbaai, Baardskeerdersbos Gansbaai, Masakane, Beverly Hills, Blompark	Maandag Dinsdag Woensdag Donderdag Vrydag
Kleinmond	Kleinmond, Betty'sbaai, Pringlebaai, Rooi-Els Proteadorp, Overhills	Maandag Dinsdag

Almal staan reg om hierdie feesseisoen hul deel te doen

Overstrand het geen gelyke wanneer dit by 'n natuurbelewenis uit die boonste rakke kom nie, en daar's hope dinge om te doen wat in almal se kraal sal val. En soos besoekers te wagte kan wees, het ons weer eens moeite gedoen om te verseker dat vakansiegangers na 'n veilige en skoon omgewing kan uitsien wanneer hulle ons strande besoek en van ons openbare geriewe en paaie gebruik maak.

Wetstoepassers gaan 'n hoë sigbaarheid handhaaf en dag en nag daaraan werk om padgebruikers se veiligheid te verseker. 'n Spesiale beroep word op motoriste gedoen om by die volgende basiese reëls te hou:

- Maak seker dat jy en jou passasiers altyd **vas gordel**.
- Hou altyd by die **spoedbeperking** - om té vinnig te ry, sal 'n swaar boete tot gevolg hê, maar om té stadig te ry, kan ook gevaarlik wees.
- Handhaaf 'n **veilige volgafstand** en onthou van jou blinde kol vóór jy van baan verander.
- Moet nooit **drink en bestuur** nie. As jy van plan is om alkohol te gebruik, tref alternatiewe reëlings sodat jy nie agter die stuurwiel hoef in te skuif nie.
- Moenie **teks en bestuur nie**: #DitkanWag!
- Moet nooit items soos selfone, beursies en ander waardevolle artikels oop en bloot, onbewaak of op die sitplek langs jou laat lê nie. Sorg altyd dat jy jou waardevolle goed veilig in die kattebak bêre.

Parkering in Hermanus en omstreke

Hermanus het 'n goedbestuurde parkeerstelsel om te verseker dat parkeerplekke verskeie kere per dag vir gebruik beskikbaar is. Op sy beurt sorg hierdie stelsel dat meer mense aangemoedig word om hulle inkopies op dié dorp te kom doen.

Om in 'n parkeerplek onder munisipale beheer te parkeer, kos een Rand vir 15 minute, wat daarop neerkom dat dit jou R4.00 vir 'n uur gaan kos. Inwoners het ook die opsie om 'n permanente parkeerskyfie teen 'n koste van R400 per maand by Overstrand Verkeer se kantore op die hoek van Kort- en Mosselstraat te bekom.

Voorts is gratis parkering beskikbaar by Gearingspunt, Hoy se Koppie (oorkant Checkers) en op die NG-kerk se gronde.

Let ook daarop dat parkeergelde wat deur inkopiesentrums soos Woolworths en Checkers op hul eie private grond gehef word, deur die operateurs van daardie sentrums bepaal word.

JUNIOR STADSRAAD AANGEWYS

Overstrand se nuutverkose Junior Stadsraad is op 3 November ingehuldig in die Hermanus Ouditorium vir 'n termyn van 12 maande. Die Raad word saamgestel uit graad 10 - 12 leerders van ses hoërskole in die gebied. Hulle sal op oriënteringstoere van die munisipale area en fasiliteite geneem word. Voorts sal hulle by munisipale projekte betrek word en blootstelling aan openbare seremonies kry.

Die 2017 junior raadslede is (agter van links na regs): Kaci van Romburgh (Curro Hermanus), Gabriel Stratford (Curro Hermanus), Panashe Mapfumo (Northcliff House), Janeke Viljoen (Hoërskool Hermanus), Lismari Strauss (Hoërskool Hermanus), Zoe van Rensburg (Hoërskool Hermanus), Donne van Schoor (Hoërskool Hermanus), Madicyn Venter (Hoërskool Hermanus), Kirsten Larney (Curro Hermanus), Milia Botha (Curro Hermanus), Leighton Appolis (Hawston Sekondêr), Curtley Gillion (Hawston Sekondêr), Abigail de Koker (Hawston Sekondêr), Delmain Januarie (Hawston Sekondêr), Aiden Farao (Hawston Sekondêr), Shariefa Abrahams (Gansbaai Academia), Lupho Hoyi (Qhayiya Sekondêr), Thimna Mkolo (Gansbaai Academia), Nikilitha Moyakhe (Qhayiya Sekondêr), Andisiwe Lusawana (Qhayiya Sekondêr), Sinoxolo Maguduza (Qhayiya Sekondêr), Dehann du Plessis (Gansbaai Academia), Khanyiswa Pungupungu (Gansbaai Academia).

Voor van links na regs: Sarah Johnson (Northcliff House), Matthew Smith (Hoërskool Hermanus), Damian Niemand (Hawston Sekondêr), Katelin May (Hawston Sekondêr), Monique Barkley (Junior Onderburgemeester - Northcliff House), Yanna Stergianos (Junior Burgemeester - Hoërskool Hermanus), Raadsheer Dudley Coetzee, Izaan Newman (Junior Onderburgemeester - Gansbaai Academia), Unity Mtomile (Bestuurder van die Junior Raad), Fortune Mbeu (Qhayiya Sekondêr), Ayabonga Qogi (Qhayiya Sekondêr), Cynthia Kariuki (Northcliff House), Jordan Linehan (Gansbaai Academia).

Elektrisiteitsdeposito's *uiteengesit*

Die term "Verhoogde deposito", soos op rekeninge aangetoon, verwys na die jaarlikse aanpassing van die deposito wat vir elektrisiteitsgebruik betaalbaar is.

Sedert Julie 2012 word alle elektrisiteitsdeposito's jaarliks aangepas met die gemiddelde verhoging wat van toepassing is op die verhoging van munisipale tariewe vir elektrisiteit, wat verband hou met die verhoging soos deur Nersa (Nasionale Elektrisiteitsreguleerder van Suid-Afrika) afgekondig. Dit het in die verlede in effek beteken dat alle verbruikers se deposito's verhoog is, ongeag of hulle spaarsamig met elektrisiteit werk of nie.

Ter verdere agtergrond, indien 'n kliënt vir 'n nuwe aansluiting aansoek doen en geen geskiedenis van sy/haar verbruik bestaan nie, geld die heffing van die volgende deposito's vir die 2016/17-boekjaar:

Residensieel en kommersieel: Enkelfase-kredietmeter (tweeledige tarief)	R 2 000.00
Residensieel: Driefase-kredietmeter (tweeledige tarief)	R 3 500.00
Kommersieel: Driefase-kredietmeter (tweeledige tarief)	R 8 000.00
Residensieel en kommersieel: Enkelfase- voorafbetaalde meter (tweeledige tarief)	R 460.00
Residensieel en kommersieel: Driefase- voorafbetaalde meter (tweeledige tarief)	R 920.00

Na oorweging van die konsepbegroting vir die 2016/17-boekjaar, asook die hersiene begrotingsverwante beleide wat vir openbare deelname ter insae gelê het, is die onderstaande verandering aanbeveel en ook vervolgens in Mei 2016 deur die Raad goedgekeur:

Dat punt 7.6.3 van die Beleid op Kliëntediens, Kredietbeheer en Skuldvordering as volg moet lees - *Security deposit will be adjusted annually, which will be equal to twice the average consumption during the preceding 12 months.*

Die berekening van die jaarlikse aanpassing van die deposito, in die geval van kredietmeters, het tot gevolg gehad dat baie verbruikers 'n krediet ontvang het met die aanpassing van deposito's op hul rekeninge vir September omdat die bestaande deposito hoër was as twee maal hul maandelikse elektrisiteitsverbruik.

Verbruikers wat steeds kredietmeters het, kan dit oorweeg om na voorafbetaalde elektrisiteitsmeters om te skakel. Dit beteken dat daar slegs 'n deposito van R460 (enkelfase) of R920 (driefase) betaalbaar sou wees en dat die balans van die bestaande deposito dus aangewend kan word om die koste van die meteromskakeling te betaal. Die eenhede vir voorafbetaalde elektrisiteit is goedkoper as dié van 'n kredietmeter.

Die deposito vir verbruikers wat van voorafbetaalde elektrisiteitsmeters gebruik maak, het verhoog na R460, of die verskil tussen die bestaande deposito en R460 indien 'n deposito reeds voorheen betaal is.

Indien daar pensionarisse is wat vir deernishulp kwalifiseer, sal hul deposito's aangepas word in ooreenstemming met die goedgekeurde tarief soos van toepassing.

Verbruikers wat nie die depositoverhoging soos per hul September 2016-rekening eenmalig kan betaal nie, is welkom om die kantoor te kontak sodat reëlings getref kan word om hierdie bedrag af te betaal. Rig asseblief enige kliëntediensnavrae aan 028 313 8000.

Belangrike Nommers:

24-uur-noodbeheerkamer	028 313 8111
Overstrand Brand en Redding	028 313 8980
Overstrand-wetstoepassing	028 313 8111
Ambulans	10177
NSRI	028 312 3180
Marine- en Kusbestuur	028 313 2703
Hermanus Provinsiale Hospitaal	028 313 5200
Hermanus Privaathospitaal	028 313 0168
Hermanus Kinderwelsyn	028 313 0831
Hermanus Dierewelsyn	028 312 1281
Hermanus Polisie	028 313 5300
Gansbaai Polisie	028 384 0201
Stanford Polisie	028 341 0601

SLUITING VAN MUNISIPALE KANTORE OOR FEESSEISOEN

Munisipale kantore, met inbegrip van biblioteke maar uitgesonder noodsaaklike dienste, sal gesluit wees vanaf 13:00 op Vrydag 23 Desember tot Woensdag 28 Desember om 07:45 en vanaf 13:00 op Vrydag 30 Desember tot Dinsdag 3 Januarie 2017 om 07:45. Let egter daarop dat alle munisipale kantore op beide 28 en 29 Desember 2016 ten volle funksioneel sal wees.

Overstrand salueer **sy gevalle helde**

Wapenstilstanddag (in die omgangstaal ook bekend as Papawerdag) is 'n dag ter herdenking van daardie lede van ons gewapende magte wat, pligshalwe, met hul lewens geboet het. Soos gebruiklik het Regiment Westelike Provincie, aan wie die Vryheid van Overstrand verleen is, militêre luister aan dié geleentheid verleen wat onder aanvoering van 'n plaaslike tak van die MOTH's, bekend as die Seagull Shellhole, gereël is.

Vir Overstrand was dit 'n besonderse eer om 'n aantal militêre veterane by die kransleggingseremonie te verwelkom. Nadat Burgemeester Rudolph Smith 'n krans namens die Overstrand-gemeenskap gelê het, het hy het gesê: "Kom ons bring hulde aan diegene wat so dapper vir volk en vaderland geveg het deur te onthou hoe gelukkig ons is om in vrede ons drome te verwesenlik." Boonop het 'n vaartuig van die NSRI - wat juis op daardie tydstip besig was om 'n soekoperasie in die omgewing uit te voer - so na as moontlik aan die kus gekom, sy vlag gestryk en 'n krans ter see gelê.

DRIE KONSERTE SKEP 'N FEESTELIKE STEMMING!!

Overstrand Arts/Kunste het drie konserte gereël vir Desembermaand om 'n bietjie ekstra feestelikheid aan die vakansieseisoen te verleen.

Op Sondagmiddag 4 Desember gaan ons eie Tobias Kotzé 'n sanguitvoering in die ouditorium lewer.

Tobias Kotzé

Op Sondagmiddag 11 Desember kan konsertgangers in die NG-kerk, Hermanus, OAK se Kerskonsert bywoon waartydens die Pro Musica-koor en andere gaan optree. Albei hierdie konserte begin om 15:30.

Op Saterdagaand 17 Desember gaan die immergewilde Gustavo Romero van die VSA 'n klavieruitvoering lewer wat om 19:00 in die ouditorium begin.

Gustavo Romero

Skakel BELLINI by 028 312 4988 om te bespreek. Vir enige ander navrae, skakel sekretaresse René du Plooy by 082 940 4238.